

20 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 119:1-8

Fokusgedeelte: Psalm 119:1

Die Heilige Skrif is 'n krag tot redding

Wat moet 'n Christen glo? Ons bely in Sondag 7, Vraag 22: "Alles wat in die evangelie aan ons beloof word." Die evangelie is die Heilige Skrif, die Bybel. Die Bybel leer ons wat die sin en vreugde van die lewe is en wat die sin van geloof is. Wie nie met die Bybel as die Woord van God werk nie, sal geen koers en vastigheid in hierdie lewe vind nie. Die Bybel is die bron van seëninge. Wie gehoorsaam is aan die Woord van God, is gelukkig.

Die Bybel roep tot gehoorsaamheid. Die digter noem drie motiverings wat hom dring tot gehoorsaamheid. Hy sien eerstens dat mense wat "opreg van weg is" en wat God "se getuienisse bewaar", gelukkig is. Hulle is geseënd. Hulle lewe is navolgingswaardig. Dit is mense wat wandel in die wet van die Here. Hulle soek Hom van ganser harte. Hulle pleeg nie ongeregtighede nie. Hulle wandel in sy weë. Dit is 'n lewenswyse wat rigting, toewyding, bewaring van die verkeerde en sekerheid bring. Hierdie soort lewenstyl motiveer hulle om aan God se Woord gehoorsaam te wees. 'n Tweede motivering is dat dit 'n bevel van God is om gehoorsaam te wees. Hierdie bevel kom dus met gesag en gaan gepaard met spesifieke opdragte vir spesifieke omstandighede. Dit is nie maar net voorstelle of suggesties nie. Ons moet dus navolgers van God wees. Derdens is die digter nou oortuig dat hy gehoorsaam moet wees. Hy het egter God se hulp nodig om gehoorsaam te wees en te bly; daarom is sy belydenis dat hy die insettinge van God sal onderhou, maar hy smeek God ook dringend: "Verlaat my nie geheel en al nie."

Hierdie Woord het vlees geword. Jesus Christus is die Woord. Hy is die weg, die waarheid en die lewe, en deur die Heilige Gees is ons in staat om op hierdie weg te bly.

Sing: Psalm 119:1,2,3 Ds TC de Klerk (Potchefstroom-Suid)